DEEL 118 | WEEK 8 | 20 FEBRUARIE 2026 | R5
HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Miljoen bek-en-klouseer-entstofdosisse arriveer dié naweek

Die Minister van Landbou, John Steenhuisen, het aangekondig dat die eerste besending van een miljoen hoë-sterkte bek-en-klouseer (BKS)-entstofdosisse van Argentinië na verwagting hierdie naweek in Suid-Afrika sal arriveer.

Die entstowwe, wat deur Biogénesis Bagó vervaardig is, vorm deel van 'n groter ooreenkoms waarvolgens nog vyf miljoen dosisse teen Maart vanjaar gelewer sal word. Die nuwe entstofvoorraad is 'n kernkomponent van die Departement van Landbou se hersiene strategie om die uitbreking van BKS te bekamp en Suid-Afrika se status na "BKS-vry met inenting" te herstel.

Volgens Steenhuisen sal die nasionale kudde van meer as 14 miljoen beeste proaktief ingeënt word. Teen die einde van Maart word verwag dat meer as vyf miljoen entstofdosisse vanuit drie internasionale verskaffers die land binnegekom het.

Benewens die Argentynse verskaffing bly die Botswana Vaccine Institute 'n sleutelrolspeler en het reeds twee miljoen dosisse sedert die jongste uitbreking gelewer, met verdere maandelikse aflewerings wat beplan word. Entstowwe sal ook vanuit Turkye voorsien word, terwyl die Landbounavorsingsraad (LNR) onlangs vir die eerste keer in meer as 20 jaar weer plaaslik vervaardigde BKS-entstowwe gelewer het. Die LNR het onderneem om produksie op te skaal tot 20 000 dosisse per week, met 'n teiken van 200 000 per week teen 2027.

Steenhuisen het beklemtoon dat samewerking noodsaaklik is. "Ons boere is die ruggraat van die ekonomie en verseker voedselsekerheid. Elke Suid-Afrikaner se ondersteuning is nodig om hierdie stryd teen BKS te wen," het hy gesê.

Die departement brei ook veeartsenykundige kapasiteit uit deur private veeartse toe te laat om entstowwe toe te dien. Die doelwit is om 80% van die nasionale kudde teen Desember ingeënt te hê.

Intussen is 'n toegewyde BKS-beheersentrum ingestel. 'n Tolvrye hulplyn – 0860 246 640 – sal vanaf Woensdag beskikbaar wees om boere te ondersteun met inligting oor simptome, bewegingsbeheer, entstofbeskikbaarheid en biosekuriteit.

Volgens die jongste syfers is daar tans 836 oop BKS-uitbrekings landwyd, met die Vrystaat, KwaZulu-Natal en Gauteng onder die provinsies wat die swaarste getref word. Alle besmette plase word onder kwarantyn geplaas en streng bewegingsbeheermaatreëls geld.

"Hierdie inentingsroluit merk die begin van stabiliteit in die veesektor en die herbou van vertroue in ons diergesondheidstelsel," het Steenhuisen gesê.

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491

Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

HIGH FERT HF KUNSMIS
Johnny Claassen
082 779 3417
JCB
Eben Claassen
072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Weerbaarheid by kinders – Deel 1



*’n Sleutelfaktor in gesonde ontwikkeling*

Weerbaarheid, of “resilience”, verwys na ’n kind se vermoë om uitdagings, spanning en selfs traumatiese ervarings te hanteer sonder dat dit hul langtermynontwikkeling permanent benadeel. Dit beteken nie dat kinders nie swaarkry beleef nie – maar dat hulle oor beskermende faktore beskik wat hulle help om aan te pas, te herstel en verder te ontwikkel.

Volgens UNICEF is die belangrikste beskermingsfaktor in ’n kind se lewe ’n stabiele verhouding met ten minste één betroubare en ondersteunende volwassene. Hierdie verhouding bou emosionele sekuriteit, wat weer die grondslag vorm vir gesonde breinontwikkeling, emosionele regulering en selfvertroue.

Navorsing in kinderontwikkeling wys daarop dat kinders se breine besonder sensitief is vir hul omgewing. Chroniese stres, konflik of onsekerheid kan ontwikkeling negatief beïnvloed. Daarteenoor kan konsekwente ondersteuning, voorspelbaarheid en positiewe bevestiging die brein se vermoë versterk om nuwe vaardighede aan te leer en uitdagings te hanteer.

**Belangrike boustene van weerbaarheid sluit in:**
**1. Emosionele veiligheid**
Kinders moet voel hulle emosies word erken en aanvaar. Wanneer ’n kind leer om gevoelens te benoem en veilig uit te druk, verbeter hul selfbeheer en konflikhantering.
**2. Duidelike grense en roetine**
Voorspelbaarheid skep veiligheid. Gereelde roetines help kinders om stabiliteit te ervaar, veral in onsekere omstandighede.
**3. Geleenthede vir probleemoplossing**
Kinders wat aangemoedig word om self oplossings te probeer vind (binne veilige perke), ontwikkel onafhanklikheid en selfvertroue.
**4. Positiewe identiteit en selfbeeld**
Aanmoediging, erkenning van moeite en viering van prestasies – hoe klein ook al – bou ’n sterk selfkonsep.

Weerbaarheid is dus nie ’n persoonlikheidseienskap waarmee ’n kind bloot gebore word nie. Dit is ’n ontwikkelingsproses wat doelbewus versterk kan word deur gesinne, versorgers en gemeenskappe.

## By Hoërskool Reitz leer leerders nie net uit handboeke nie, hulle leer deur te doen

Landbou Tegnologie-leerders van Graad 10 tot 12 aan Hoërskool Reitz het op Donderdag, 19 Februarie 2026, waardevolle praktiese ondervinding opgedoen toe hulle die skool se beeste gespuit en ontwurm het. Hierdie praktiese blootstelling is van onskatbare waarde. Dit versterk nie net teoretiese kennis nie, maar bou ook selfvertroue, verantwoordelikheid en ’n dieper begrip vir die daaglikse realiteite van boerdery. Deur self betrokke te wees en hande vuil te maak, word leerders deeglik voorberei vir ’n toekoms in die landbousektor. ’n Spesiale woord van dank gaan aan Oom Hennie vir sy kundige leiding en die geduldige wyse waarop hy die leerders begelei het. Sy betrokkenheid dra wesenlik by tot die ontwikkeling van hierdie jong boere. Die praktiese opleiding sluit nou aan by die suksesvolle Kalfprojek 2025/26 — ’n besondere landbou-inisiatief wat groot steun uit die gemeenskap geniet het. Boere uit die omliggende gebied van Reitz het elk ’n kalf aan die skool se Landbou Tegnologie-klas geborg, wat aan leerders ’n unieke geleentheid bied om eerstehandse ervaring in veeversorging en bestuur op te doen.’n Opregte dankie vanaf die skool word gerig aan elke boer, borg, maatskappy en individu wat by hierdie omvangryke projek betrokke was. Sonder hul ondersteuning, insette en samewerking sou die projek nie moontlik gewees het nie. Elke bydrae — groot én klein — maak ’n tasbare verskil in die ontwikkeling van jongmense en in die toekoms van landbou in die streek.

## UIT DIE PEN: Week 8

Daar is seker 'n goeie rede hoekom ek die afgelope paar weke oor geloof en sielsdinge geskryf het. Mens doen mos baie keer dinge met geen rede nie, maar wanneer jy daaraan terugdink, kan jy die goue draad sien.

Eendag, lank gelede, op 12 Desember 1936 is Hester Elizabeth Bezuidenhout in Hoopstad gebore. Sy is met Gert Stephanus Swanepoel getroud. Hy is op 25 Julie 1933 gebore. Die twee het in Bothaville ontmoet en getrou en vier kinders gehad. Hulle het 6 kleinkinders gehad en 11 agterkleinkinders.

Gert was ook bekend as Swanie-van-die-stasie, want dis waar hy gewerk het tot omtrent 1976. Hester het eers by die sentrale gewerk en later soms by die plaaslike apteek. Die Swanepoels het hulle hele lewe lank in Bothaville gebly. Hester was knap in naaldwerk. Elke Swanepoeltjie het handgemaakte klere gedra. Sy het selfs die meisies se skoolrokke gemaak.

Met verloop van tyd is die kinders uit die huis, hulle het getrou en het weggetrek. Gert is in 2018 op die ouderdom van 85 dood en Hester is op Valentynsdag dood. 'n Week gelede.

Gert is my gryse ou pa en Hester is my gryse ou ma. Hulle was nie my pa en my ma nie, hulle is dit nogsteeds, alhoewel hulle nie meer op hierdie aarde is nie.

Ons as mense kan baie dinge beheer, maar oor dood het ons geen beheer nie. Dis ook beter so.

Die internis het ons vertel dat daar moontlik gewasse kan wees wat haar galbuis verstop het. Dit is die rede hoekom hulle haar onder narkose moes plaas en met ’n kamera gaan kyk het waar die blokkasie is. Die dokter het toe ’n stent in die buis gesit.

Haar geel kleur het binne 24 uur verbeter, maar sy het nie wakker geword wanneer ons vir haar gaan kuier het nie. Haar longe het versleg.

Donderdagaand het sy haar oë in skrefies oopgemaak.

“Mamma, as ma my kan hoor, druk my hand?” En sy het.

Die internis het Vrydag met my en my twee boeties gesels: my ma het cholangiokarsinoom. Dit is ’n rare kanker wat in die galblaasbuise begin. Dit word in meeste van die gevalle te laat gediagnoseer omdat daar nie “gewone” kankersimptome is nie.

Die simptome is gewoonlik geelsug, gewigsverlies, jeukerige vel en pyn in die abdomen. Ek het gedink en gedink: ek kan nie onthou dat my ma ooit van pyn gekla het nie. Ek het ook nie gesien dat sy drasties gewig verloor nie, en nie dat sy jeuk nie.

Dit kan behandel word met chirurgie, chemoterapie en bestraling, soos meeste ander kankersoorte. Die oorsaak hiervan is in die meeste van die gevalle onduidelik.

Dit kom meestal by ouer mense voor. Ek sien dat die literatuur “ouer” beskryf as mense bo vyftig jaar. Ja, wel. Nie almal ouer as 50 lyk vir my soos “ouer” mense nie.

Die simptome verskyn gewoonlik wanneer ’n gewas binne-in die buis te groot geword het, en die normale vloei van die gal verhoed. Die gal beweeg dan terug na die bloedstroom en die galpigmente veroorsaak die geel kleur.

Gewasse kan net verwyder word slegs wanneer dit in die beginstadium is.

Cholangiokarsinoom kan gediagnoseer word deur skanderings (CT en MRI) en met endoskopiese ultraklankprosedures. Die lewerfunksies kan getoets word, en dan kan daar ook biopsies van die weefsel geneem word.

In my ma se geval was daar klaar verspreiding van die kanker, en die dokter het gesê dat dit reeds na die lewer en omringende organe en weefsel versprei het.

Dit het my in die maag geslaan: my ma is nie heeltemal wakker vandat sy in die teater was nie, en sy is al klaar siek?

Ek vra die dokter hoe hulle haar gaan behandel?

Sy sê dat hulle haar net gemaklik kan hou. Daar is geen vooruitsig ten opsigte van chirurgie, bestraling en chemo nie. Dit is te laat.

Nog ’n vuis in my maag.

Wat kan jy doen in so ’n geval? Niks. Net mooi niks.

Ek het hierdie week presies net dit geleer: daar is sommige tye wat jy niks kan doen nie. Jou hande is afgekap. Jou kop is dom.

Ek vra die dokter om asseblief vir my ma pynmedikasie te gee, want sy moenie ly nie.

“Dokter,” vra ek, “het sy dae of weke oor?”

“Dae.”

Nog ’n vuis.

Saterdagoggend het ek, terwyl ek met my boeties gepraat het, ’n vorm onderteken dat die mediese span nie my ma mag skok, indien haar hart gaan staan nie. Of kunsmatige asemhaling moet toepas nie.

Het ek haar lewe weggeteken, wonder ek?

Sy het swaar asemgehaal: haar longe was nie meer funksioneel nie. Sy het nie meer haar oë oopgemaak nie. Sy het nie my hande gedruk nie.

Ek het die hele Saterdag by haar gesit en haar hand vasgehou. Een boeta en sy gesin was daar. My ander boetie, wat ver bly, het die vorige naweek na ons toe gevlieg om my ma te kom groet.

Ons het vir haar gebid en Bybel gelees. Ons het haar vertel hoe lief ons vir haar is. Ons het gehuil, en ek het amper gedink dat ek ook ’n klein, klein druppeltjie traan in haar linkeroog se hoek kon sien.

My goeie man het my teen kwart voor 8 die aand kom haal. Toe ons by die huis kom, het ek dadelik gaan slaap. Hy het my teen amper half elf wakker gemaak: my Hessiekie ma is hemel toe.

My hande was afgekap, maar my ma was daar waar ons almal eendag wil wees: by Jesus en Moses en Abraham en Paulus en die dissipels en haar ouers en my gryse ou pa en my rooikopsussie.

Wat ’n heerlike plek om te wees!

# Enige verskoning is goed genoeg

Op Dinsdag, 10 Februarie was die datum naby genoeg aan Valentynsdag om die Huppel Trippellaars te oorreed om op te ruk na die Truck Stop vir 'n heerlike melkskommel. Vir die lede wat nie kon saamgaan nie, is ook voorsiening gemaak. Rosa Botes en Ina Slabbert het bestellings geneem; en nadat die bestellings afgelewer is, het Rosa toegesien dat elkeen sy of haar melkskommel gekry het.

Volgende op die program is die gebruiklike NOOT vir NOOT wat altyd baie gewild is. Dit gaan hierdie keer met note en kriptiese leidrade gedoen word. Elkeen in die gemeenskap wat wil kom saamspeel is welkom.

Die plek:
Huis Bron-van-Heil se eetsaal.
Die tyd: 10 uur.
Die gaste: Jy en Huppel Trippel se lede. Sien jou daar!














# Charity Fun Day Brings Hope and Smiles to Masakaneng Children



What began as a simple idea to "give back to the hood" turned into a powerful day of joy, generosity and community upliftment on Saturday, 7 February 2026, in Matoporing, Phiritona.

The Giving Back to the Hood Community Kids Charity Event took place at the tuck shop of Mary Matebello Mbele — affectionately known as "White House" — in the heart of the Masakaneng informal settlement. The initiative was organised by Lebohang "Lebzasax" Mokhotu, alongside the Kasi 2 Kasi NPO and community member Mary Matebello Mbele. Mr Thabo Mokhotu, father of Lebohang Mokhotu, also played a key role in organising the event.

Packaged as a fun day for local children in the area, the event created a safe and festive space where youngsters could play games, socialise and even cool off in a swimming pool specially set up for the occasion. For many of the children, it was a rare opportunity to simply be children — sharing laughter, playing and enjoying a carefree afternoon.

Beyond the fun and games, the heart of the event lay in its spirit of generosity. Community members and supporters donated clothes and toys in the weeks leading up to the event. Mr Thabo Mokhotu, along with a team of eager volunteers personally unpacked and distributed the clothing items to families in attendance, ensuring that donations reached those most in need.

The initiative was further strengthened through a partnership with Shoprite, facilitated by the Kasi 2 Kasi NPO, which secured a significant donation of grocery parcels and school shoes. These were distributed to vulnerable individuals and families within the settlement — including child-headed households where no adult guardians are present to care for the children.

Kasi 2 Kasi NPO, known for operating a weekly soup kitchen every Wednesday in Petrus Steyn, aims to make the food parcel and school shoe drive an annual outreach programme. Their collaboration with Lebohang Mokhotu reflects a growing network of grassroots organisations working together to address food insecurity and poverty in local communities.

Speaking in an interview, Ms Mary Matebello Mbele shared the inspiring story behind the venue itself. Her tuck shop, "White House," only came into existence in 2022 after she took it upon herself to rehabilitate what was once a dumping site in the community — a literal landfill where residents discarded their waste.

*In the photo: Costa Mofokeng, Bongani Vilakazi, Seun Motloung, Nde Nhlapo, Mosese Mokoena, Lebohang 'LebzaSax' Mokhotu, Thabo Mokhotu*

Masakaneng informal settlement faces significant infrastructural challenges, with no formal municipal connections to electricity, clean drinking water or sewage systems. Against this backdrop, Ms Mbele invested her own time, money and determination to transform the neglected piece of land into a neatly manicured lawn and park-like space where she could set up her shop. On Saturday, that once-forgotten patch of ground became a vibrant playground filled with children's laughter.

The event stood as a reminder that even in communities where hardship is part of daily life, collective effort and compassion can create moments of dignity, hope and tangible change.

Organisers expressed gratitude to all donors and volunteers who made the day possible — and hinted that this is only the beginning of many more initiatives aimed at uplifting the children of Masakaneng.

# Die beste dieet vir 'n nuwe jaar en nuwe uitdagings

## *Watse uitdagings kan die skool kinders van vandag ervaar? - Deel 2*

**Wat is die oplossing?**

Die oplossings hoef nie ingewikkeld te wees nie. En onthou, dit is nie 'n tydelike dieet nie – dit is 'n leefstyl.

Kos wat ons elke dag kan eet en selfs in ons kosblikke kan insluit, is vir ons saamgestel uit ons eie "Suid-Afrikaanse Voedselgebaseerde Dieetriglyne".

1. Geniet 'n verskeidenheid kosse.
• Probeer om verskillende kosse te eet uit al die voedselgroepe om al die voedingstowwe te kry wat jou liggaam nodig het.
2. Wees aktief!
• Mik vir ten minste 30 minute matige fisiese aktiwiteit (soos 'n vinnige stap) elke dag van die week 5 keer per week.
3. Maak styselryke kosse deel van die meeste maaltye.
• Kies eerder volgraan of onverwerkte opsies soos bruin rys, volkoringbrood, hawermout en mieliemeel (mieliepap) waar moontlik. Hawermout en grondboontjie botter is 'n goeie ontbyt opsie.
4. Eet baie groente en vrugte elke dag.
• Mik vir ten minste 5 porsies groente en vrugte saam elke dag (bv. 2 vrugte en 3 groente).
5. Eet droëbone, splittertjies, lensies en soya gereeld.
• Sluit hierdie bekostigbare, veselryke en proteïenryke kosse gereeld by jou maaltye in.
6. Drink elke dag melk, maas of yoghurt.
• Mik vir 2–3 porsies daagliks (bv. 'n beker melk, 'n koppie yoghurt). Kies lae-vet of vetvrye opsies waar moontlik asook onversoet.
7. Vis, hoender, maer vleis of eiers kan daagliks geëet word.
• Eet minstens 2 keer per week vis. Kies maer vleissnitte en verwyder sigbare vet. Beperk verwerkte vleis soos wors en polony.
8. Drink baie skoon, veilige water.
• Mik vir 6–8 glase water daagliks. Water is die gesondste drankie.
9. Gebruik vette spaarsamig. Kies plantaardige olies eerder as harde vette.
• Streef daarna: Gebruik klein hoeveelhede olies (soos kanola-, sonneblom- of olyfolie) vir kook. Vermy om olie te hergebruik. Beperk die inname van vetterige, verwerkte peuselhappies en wegneemetes.
10. Gebruik sout en kosse hoog in sout spaarsamig.
• Gebruik min of geen sout wanneer jy kook en ook nie aan tafel nie. Beperk peuselhappies, verwerkte vleis en sousblokkies wat hoog in sout is.
11. Gebruik kos en drankies hoog in suiker spaarsamig.
• Nie meer as 5–10 g suiker per dag nie. Wenk: 5g/100g (of ml) is baie – STOP! En moenie dit koop nie.

**Maklike kosblik- uitruilings vir 'n voedingsryke dag: (Angepas vanaf 2025 Nutrition week)**

1. Ruil witbrood vir volgraanbrood. Volgraan brood bevat meer vesel wat beter, volgehoue energie gee en 'n meer versadigde gevoel laat, sodat jy langer vol bly.
2. Vermy koeldranke en suiker bevattende drankies. Kies eerder water of tuisgemaakte ys-tee met beheerde suiker. Dit help om dehidrasie te voorkom sonder oormatige suikerinname.
3. Pak vrugte, neute of selfs springmielies in as gesonde peuselhappies in plaas van vetterige skyfies. Dit versterk konsentrasie en voorkom ongebalanseerde bloedsuikervlakke.
4. Pasop vir verwerkte vleis soos polony of viennas – dit is baie hoog in sout. Ruil dit eerder in vir eiers, hoender, tuna of pilchards. Hierdie opsies verskaf proteïene wat breinfunksie en spierontwikkeling ondersteun.
5. Onthou: 'n kosblik van die huis af bied meer waarde. Dit is gesonder en meer bekostigbaar as om kos by die snoepie te koop.

**Opsomming (Kern gedagtes):**

1. Gesond eet is lewensbelangrik vir groei en prestasie (skool en sportveld), aangesien jou brein tot 'n kwart van jou daaglikse energie gebruik.
2. Swak eetgewoontes lei tot onmiddellike probleme soos swak konsentrasie en ongebalanseerde energie en kan op die lang termyn siektes veroorsaak soos diabetes, hipertensie en obesiteit.
3. Die oplossing is 'n leefstyl verandering, nie 'n dieet nie. Volg die Suid-Afrikaanse voedselriglyne: eet 'n verskeidenheid kosse, baie groente en vrugte, volgraan stysels, proteïene, en drink skoon, veililge water.
4. Maak slim veranderinge in jou kosblik: volgraanbrood i.p.v witbrood, water i.pv koeldranke, vrugte/neute i.p.v skyfies, en eiers/hoender i.p.v verwerkte vleis.
5. Berei jou kosblik tuis. Dit is gesonder, goedkoper en help jou om groepsdruk by die snoepie te vermy.

Indien kinders (of ouers) die behoefte het, om die dieetkundige vir 'n spesifieke rede of diagnose te kom sien, kan ons by die hospitaal gekontak word om 'n afspraak te maak. Vir mediese doeleindes is dit beter om 'n verwysing te kry sodat ons dan weet watter probleemareas aangepsreek moet word. Die onderwys department beskik oor 'n program waar hul verpleegster kinders by die skool kom assesseer en dan indien nodig hulle na die hospitaal verwys om die dieetkundige te kom sien.

***Hoe om die Dieetkundige by Tokollo Hospitaal te kontak: Hospitaal: 0588535400 of direk 058 85 35453 vra vir Nicolene / Corli***

# Gratis Hondsdolheid Inentings Veldtog in Heilbron, Sandersville en Phiritona

## Dinsdag 25 Februarie tot 27 Februarie 2026



Hondsdolheid is 'n dodelike siekte vir mens en dier. Die Departement van Landbou, se Veeartsenydienste hou 'n gratis inentingsveldtog teen hondsdolheid vir alle honde en katte vanaf Woensdag, 25 Februarie tot Vrydag 27 Februarie 2026 in Heilbron, Sandersville en Phiritona. Om die dodelike siekte te voorkom is gereelde inentings uiters noodsaaklik.

Mense word versoek om hul honde aan 'n leiband en katte in 'n geskikte katboks (cat carrier)/sak soos 'n lemoensak of houer te bring na die punte waar gratis inentings deur die department se personeel toegedien word. Indien eienaars inentingsboekies besit kan dit saamgebring word.

**Die punte waar die veltog gehou word vanaf 09:00 tot 15:00 is as volg:**

**25 Februarie 2026** - Sandersville Stadsaal

**26 Februarie 2026** - Phiritona Publieke Biblioteek

**27 Februarie 2026** - Munisipale gebou - Heilbron

# Lebohang Mokhotu and Paul Kubu continue their community mission

Two industrious young men from the Phiritona community in Heilbron, Lebohang Mokhotu and Paul Kubu, are once again making a meaningful difference — one pair of school shoes at a time.

The pair are currently running a school shoe drive, visiting schools in and around Heilbron to hand over brand-new school shoes to learners identified by the schools as vulnerable. Their goal is simple yet powerful: to ensure that no child has to attend school without proper footwear.

Thanks to the generous support of local businesses including BBB Abattoir, Shoprite Heilbron, BKB Heilbron, Platteland Pharmacy, House of Hardware, School of Destiny, the Kasi 2 Kasi NPO in Petrus Steyn, and Raubex, a substantial number of school shoes have been secured and distributed to learners who need them most.

In the photo are Mr Mojaki, principal of Kearabetswe Primary School, alongside Ms Nkoki Mokoena, the school-based support team leader responsible for vulnerable learners, together with Mr Paul Kubu and Mr Lebohang Mokhotu during one of the handovers.

The school shoe drive will continue in the coming weeks, and the initiative warmly welcomes support from anyone willing to assist — whether through financial contributions or by lending a helping hand.

Those interested in getting involved can reach out to Mr Mokhotu via Facebook.

Through their continued dedication, Lebohang and Paul are proving that grassroots leadership and community spirit are alive and well in Phiritona.



*Fltr: Mr Mojaki, Principal of Kearabetswe Primary School; Lebohang Mokhotu co-organiser; Ms. Nkoki Mokoena (school-based support team leader responsible for vulnerable learners); Paul Kubu co-organiser, with learners from Kearabetswe Primary.*




*Lebohang Mokhotu, Paul Kubu, Ms. Latoya Motaung, teacher at Phirihadi along with student recipients.*

# Afrikaans leef in sy idiome

Saterdag 21 Februarie is Internasionale Moedertaaldag – 'n dag wat wêreldwyd die waarde van moedertale vier. Vir Afrikaanssprekendes is dit 'n gulde geleentheid om weer stil te staan by die kleur, humor en wysheid wat in ons taal opgesluit lê, veral in ons idiome.

Afrikaans is 'n taal wat praat in prentjies. Ons sê nie net iets nie – ons wys dit. Dit kan katte en honde reën, iemand kan met twee linkervoete dans, of jy kan die aap uit die mou laat. In 'n enkele sin lê daar dikwels dekades se volkswysheid, fyn waarneming en tong-in-die-kies-humor.

Idiome maak ons taal lewendig. Hulle bring emosie, skep glimlagte en laat 'n mens soms twee keer dink. Dis juis hierdie speelsheid wat Afrikaans so geliefd maak – van die plaas tot die dorp, van die kombuis tot die kantoor. 'n Mens kan kop bo water hou, die bul by die horings pak en steeds saam met die hoenders gaan slaap.

Internasionale Moedertaaldag herinner ons daaraan dat 'n taal nie net in woordeboeke leef nie, maar in alledaagse gebruik. Elke keer as ons Afrikaans praat, skryf of lag oor 'n bekende uitdrukking, hou ons die taal aan die lewe.

Laat ons dus vandag – en elke dag – Afrikaans met trots gebruik. Want soos die ou mense sê: 'n Mens ken die boom aan sy vrugte. En Afrikaans dra nog steeds volop vrugte.

# Briewe van ons lesers

***Die volgende skrywe is ontvang van een van ons lesers gerig aan die Redakteur.***

## The Old Goat and Fox bly kuierplek vir almal

Dit is onlangs aangekondig dat Johan van Vuuren die onderneming verlaat om nuwe uitdagings en avonture aan te pak. As gereelde besoeker wil ek hom alles van die beste toewens vir die pad vorentoe en hom bedank vir sy diens en toewyding oor die afgelope tyd.

Daar was ook kennis geneem van mnr. Hans Burmeister, eienaar van The Old Goat and Fox, se bevestiging dat die kuierplek steeds oop en toeganklik is vir die hele gemeenskap van Heilbron en omliggende gebiede. Die ervaring is dit nog altyd dat dit 'n plek is waar mense in 'n netjiese en ontspanne omgewing kan saamkuier, lag, dans en gesellig verkeer.

Gerugte wat die onderneming op enige wyse wil etiketteer of verkeerd voorstel, doen niemand enige guns nie. Die kroeg is, soos dit nog altyd was, 'n kuierplek vir almal — ongeag wie jy is. Goeie diens en 'n aangename atmosfeer bly duidelik die fokus.

Mag die gemeenskap voortgaan om plaaslike ondernemings te ondersteun wat moeite doen om 'n veilige en vriendelike ruimte vir almal te skep.



# Tuinbouklub blom met bolplante en bedryfsbesoeke



*Op die foto Eloise Taylor van TL Lawnmowers.*



Die plaaslike tuinbouklub het Woensdagoggend, 18 Februarie om 09:45, 'n leersame byeenkoms aangebied met bolplante as tema.

Die oggend het begin by Rencrete Concrete Products (RCP), waar Jaco Hendriks die dames op 'n insiggewende toer geneem het. Lede het meer geleer oor die verskeidenheid betonprodukte wat daar vervaardig word, asook die prosesse daaragter.

Daarna is die groep na mede-lid Wilanda van Rooyen se woning vir 'n produkuitstalling in haar pragtuin. Met 'n welkomsdrankie in die hand het die formele program afgeskop onder leiding van Magda Piater as seremoniemeester. Erika Piater het die geleentheid met gebed en Skriflesing uit Jesaja 35:4 geopen — 'n gepaste boodskap oor hoe 'n dor land in 'n bloeiende tuin kan verander.

Melanie Walker van Hadeco, bekend van die TV-program Beyond the Garden, het 'n boeiende voorlegging oor bolplante gelewer. Sy het praktiese raad gedeel oor planttyd, grondvoorbereiding en versorging vir 'n skouspelagtige blomvertoning, en het die gehoor met haar energieke styl meegesleur.

Sy het ook die dames uitgenooi na die Bolfees in Magalies op 28 en 29 Maart 2026, waarvan die helfte van die opbrengs die Hekpoort-gemeenskap bevoordeel. 'n Humoristiese wenk om te toets of grond ná winter warm genoeg is om te plant: "As jy nie gemaklik daarop kan sit nie, is dit nog te koud!"Die sessie is afgesluit met 'n vraag-en-antwoord-geleentheid waartydens Suryn Strydom




*Op die foto Mari Myburgh lid van die Huis- en Tuinbuiklub.*

en Antonio Pienaar van die Heilbron Herald elk 'n boekprys ontvang het — The Bulb Book: A South African Gardener's Guide deur Charles Barnhoorn.

Eloise Taylor en André Lottering van TL Lawnmowers het daarna 'n reeks battery-aangedrewe tuinwerktuie gedemonstreer; van 'n volgrootte stootgrassnyer tot 'n kettingsaag — alles gerig op makliker en stiller tuinwerk.

Met afsluiting is verjaarsdagwense oorgedra aan Linda Prinsloo, Michaela Els en Petro Meintjies (Januarie), asook Erika Piater en Tannie Berta (Februarie). Die volgende vergadering vind op 25 Maart plaas en fokus op die klub se opkomende boekvrystelling. Nuwe lede is welkom om aan te sluit.




# Phillip vd Merwe & Vennote verwelkom nuwe prokureur en paralegal



*Paralegal, Tidi Mholo*

Phillip Van Der Merwe enVennote kondig met trots aan die aanstelling van 'n nuwe prokureur, Elzette Slabbert, asook 'n nuwe paralegal, Tidi Mholo.

Elzette Slabbert sluit by die span aan as 'n toegelate prokureur. Sy bring 'n sterk werksetiek en 'n passie vir professionele en kliëntgesentreerde regsdienste na die praktyk. Haar aanstelling versterk die firma se vermoë om kliënte met toewyding en uitnemendheid te bedien.

Tidi Mholo tree toe as paralegal en sal 'n belangrike rol speel in die ondersteuning van die regsspan. Met



*Prokureur, Elzette Slabbert*

uitstekende administratiewe vaardighede en 'n fokus op doeltreffendheid, sal sy help om te verseker dat sake glad en professioneel hanteer word.

Hierdie aanstellings weerspieël die firma se volgehoue groei en hulle verbintenis tot die lewering van betroubare en hoëgehalte regsdienste aan die gemeenskap.

# KENNISGEWINGS

Form J193

**NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES**

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.

Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **0341/2026**
Surname: **Smith**
First Names: **Leonardus George**
Date of Birth: **1954/10/05**
ID Number: **541005 5110 080**
Last Address: **7 Simonberg Street, Vaalpark, 1947**
Date of Death: **2025-11-14**
Master's Office: **Bloemfontein.**
First Names of Surviving Spouse: **Reinette**
Surname of Surviving Spouse: **Smith**
Date of birth of Surviving Spouse: **1955/04/07**
ID Number of Surviving Spouse: **550407 0008 087**
Name of Executor or Authorised Agent:
**EZEL PETNA ERASMUS**
Address of Executor or Authorised Agent:
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**ADVERTISER NAME:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC.**
**ADDRESS: 40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: B0107/0594- 341/2026**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**Publication in the Government Gazette on: 2026/02/20**

DRAADSPANNER
David: 073 273 4334
Span van nuwe draad heining: R250
Afbreek van ou draad heining: R350
Hek bou: R100
Pale + Concrete Anker: R50/paal
Pale uithaal: R80/paal

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.

**Sonja Muller**
**081 849 1877**

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald Office National




POSTNET HEILBRON

**BESIGHEIDSURE**
**MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30**
**SATERDAE: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, HEILBRON**
**Tel: 058 853 0006**

# SMALLS

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON




**SELF-INKING STAMPS**



**SELF-INKING DATER STAMPS**

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Herald Office National

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

BOOMERANG
SKOOL TASSE
BESKIKBAAR @ SLEGS
R1 200 BTW ING.



Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National



HERALD Sport

# Reitz Hengelklub Nuus


Rudi Smit met die grootste baber van 1,920 kg.

Op Saterdag 7 Februarie 2026 het Reitz Hengelklub 'n kompetisie gehengel by Driehoek pan vanaf 07:00 tot 17:00 en 22 hengelaars het deelgeneem. Altesaam 550 visse is gevang tydens die kompetisie en die gewig was 775,18 kg.

Rudi Smit het die grootste volskub karp van 3,200 kg gevang.
Ritha Zaaiman het die grootste Gewone karp van 1,510 kg gevang.
Rudi Smit het die grootste Baber van 1,920 kg gevang.
Lucas van Rensburg het die swaarste sak vis van 62,760 kg gevang.


Lucas van Rensburg met die swaarste sak vis van 62,760 kg.


Rudi Smit met die grootste volskub karp van 3,200 kg.

# 'n Gelukkige Vrydag die 13de vir Kleuterkasteel

Wat wêreldwyd nou al 'n bekende bygeloof dag is, het vir Kleuterkasteel in Heilbron in 'n dag van groot dankbaarheid en vreugde ontaard.

Die kleuterskool het onlangs 'n aangename borgskap van VKB Heilbron ontvang in die vorm van splinternuwe watertenks — 'n bydrae wat 'n tasbare verskil aan die skool se daaglikse funksionering maak.

In 'n tyd waar water 'n kosbare hulpbron is, bring die nuwe tenks nie net praktiese verligting nie, maar ook gemoedsrus. Dit stel die skool in staat om meer volhoubaar en verantwoordelik na hul kleuters om te sien en vooruit te beplan.


Op Facebook noem Juffrou Louisa Saayman dat die bydrae werklik 'n wêreld se verskil vir hul skool en hul kinders maak. Sy noem ook dat hulle opreg dankbaar is dat VKB in hul skoolgemeenskap belê. Die ondersteuning beteken vir Kleuterkasteel meer as wat woorde kan sê.


*Op die foto is Louisa Saayman, skoolhoof van Kleuterkasteel, saam met Pieter Bronkhorst van VKB Heilbron tydens die oorhandiging van die watertenks — 'n simboliese oomblik van samewerking en gemeenskapsgees.*
*Vir Kleuterkasteel was dit inderdaad 'n Vrydag die 13de om te onthou!*

Dewald Gouws
14 Maart 2026 om 18:00
Heilbron-Suid Kerksaal
GRATIS
+ gratis ete
Besprekings noodsaaklik vir gratis ete.
Almal welkom
Bespreek teen 11 Maart
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775
Pitstop vir JESUS



Spesiale Prediker
Sondag, 1 Maart 2026



Past. Joe van den Berg
te A.G.S Heilbron
om 10:00
Kontak: Jan - 083 235 6599

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

Barista Koffie
BE-KOF
• Wees Be-kof •
WERKSGELEENTHEID
- Opsoek na 'n Afrikaanse sprekende volwasse man
- Deeltydse werk
- Kandidaat moet 'n geldige rybewys hê
- Sober gewoontes
- Verantwoordelik wees
- Bereid om te ry na naburige dorpe gedurende die week en Saterdae
- Pensionarisse wat GESOND EN FLUKS is, is ook welkom om aansoek te doen!!
Skakel Herman op 083 795 1186

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG -23 FEBRUARIE 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
GILEAD Twee-maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
DINSDAG -24 FEBRUARIE 2026
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
REITZ: BESTORWE BOEDEL NICO KRIEK
Sussex & Bovelder beeste, implemente
11:00, plaas Welgeluk
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
WOENSDAG - 25 FEBRUARIE 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
DONDERDAG - 26 FEBRUARIE 2026
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
SOUTPAN: TWEELING BOERDERY TOTALE UITVERKOPING
Plase en implemente
11:00, plaas De Hoop
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443
VRYDAG - 27 FEBRUARIE 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za